



## GENERALE MISSIVE

*Nuusbrief van die Stigting VOC 3/21  
Newsletter of the VOC Foundation*

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met Bewaring, Opvoeding en Kultuurtoerisme as doel. Dit is as sulks geregister by Stad Kaapstad, EWK en SAEHA en is die wettige eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with Conservation, Education and Cultural Tourism as its aims. It is registered with the City of Cape Town, HWC and SAHRA and is the legal owner of the historic VOC trade mark in South Africa. **Internet:** [www kaap-voc org](http://www kaap-voc org). **E-pos/E-mail:** [vocinfo@voc-kaap.org](mailto:vocinfo@voc-kaap.org) **Skakel/Contact:** Sekr./ Secr.: mnr R. Rode, 071-622-5792, e-pos: [rodecb@icloud.com](mailto:rodecb@icloud.com) . **Finansies /Finance:** mnr C. Wessel, tel: 082-377-1682. **Bank:** Nedbank, Somerset-Wes. Rek.no. 1145512305. Rek. naam: 'Stigting VOC Foundation.'

*Welaen vrunden!*

### Van die Komitee

Die komitee het op 11 September vergader by Sekretaris Rudolf se huis in Kampsbaai, vir die derde maal vanjaar; lede Karen Jennings en Jaco du Plessis het elektronies deelgeneem. Hier is 'n paar van die belangrike besluite wat geneem is, vir ons lede se aandag:

1. Voorsitter Leon Hattingh het na jare van diens uitgetree om Bloemfontein toe te verhuis. Die komitee het hom vir sy diens bedank, maar hoop om dit later by 'n openbare geleentheid te doen. Ons komitee soek dus na 'n eersteklas opvolger vir hom, wat by ons AJV in Maart 2022 verkies sal word. Ons vra dringend VOC-entoesiaste wat graag die Geheue aan die VOC wil dien, deur middel van Opvoeding, Bewaring en Kultuurtoerisme, om asseblief aan ons Sekretaris te skryf.
2. Opvoedkundige uitstappies word uitgestel, totdat daar groter sekerheid oor Covid-veiligheid is. Dit lyk asof daar in dié oepsig hoop vir die toekoms is.
3. Jaareindete: Soos tevore, wil ons graag 'n sosiale geleentheid vir ons lede reël om die jaar mee af te sluit. Dit sal op Woensdag, 1 Desember plaasvind by die Nitida restaurant langs die Vissershokpad, wes van Durbanville. Benewens die gesamentlike ete (op eie koste), wil ons graag by die geleentheid ook van Voorsitter Leon afskeid neem, die Nitida-kanonstelling naby die restaurant besoek, 'n paar skote afvuur en 'n bottel sjampanje seremonieël 'onthoof.' Maar daar is meer: Ons Stigting se jongste suksesvolle projek, 'n Afrikaanse inligtingsbord met 'n beskrywing van *konstapelsgereedskap* (gereedskap wat deur voorlaaier-kanonniers gebruik word) sal na verwagting gereed wees vir ons om om te besigtig. Enige lid wat die geleentheid wil bywoon, kan solank name (bring vir oupa, ouma, oom, tante en die kinders ook saam) aan ons Sekretaris stuur. Meer inligting volg.
4. Alex Giardini, komiteelid en MA-kandidaat (Maritieme geskiedenis) aan die Universiteit van Leiden sal om 14:00 op Saterdag 20 November 'n JITSI-lesing aanbied oor die onderwerp 'Die VOC en die inboorlinge, tussen Agulhas en Mosambiek. Die skakel sal later bekend gemaak word, as u daarna wil luister.

5. Lees asseblief Me. Catherine Dubbeld se beskrywing van nuwe VOC-aanwinstes by die Nederlandse Biblioteek. Daar staan reeds veel op die rakke vir VOC-entoesiaste om te geniet en Dankie aan almal wat 'n bydrae tot hierdie nuusbrief gemaak het.



Foto's: Louie Louw

### VOC-seinkanon, Paarlberg

Op Erfenisdag, 24 September word die historiese seinkanon op Paarlrots - 'n VOC-artefakt en provinsiale gedenkwaardigheid - nuut gerestoureer, op 'n nuwe affuit en op 'n nuwe staanplek - deur die Drakenstein Munisipaliteit se burgemeester onthul. Die kanon van meer as 300 jaar oud sal ook afgevuur word. In die VOC-tyd was dit een van 'n reeks kanonne wat die militêre oproep ver na die binneland uitgedra het.

Ons Stigting was bevoorreg om oor 'n tydperk van drie jaar saam met die Beheerraad van die Paarlberg Natuurreservaat aan die projek te werk. Ons bydrae was vierledig: Om die motivering aan Erfenis Wes-Kaap te skryf vir toestemming om die retourasie en verskuiwing uit te voer, om 'n borgskap van R15 000 van die Van Ewijk Stigting te bekom, om die ontwerp van die regte affuit uit die VOC-argief te voorsien en om 'n kort geskiedenis in drie tale te skryf vir 'n inligtingsbord.

### Die Woutersen-Wessels grafkelder, 'n VOC-artefakt




Foto: Alex Giardini

Hierdie verseë尔de en ommuurde grafkelder aan Wesselweg, Groenpunt, op die noordelike hang van Vlaeberg (die 'Leeuwenbil' van die VOC-tyd), met 'n uitsig oor die Tafelbaaise reede, is 'n verklaarde provinsiale gedenkwaardigheid. Dit is gebou vir Pieter Woutersen, gebore in Vlissingen in 1772 en in 1827 in Kaapstad oorlede. Volgens die styl was die bouer waarskynlik

die bekende Herman Schutte.

Luitenant Woutersen was tweede-in-bevel van die VOC-pakketboot *Star* in Tafelbaai toe die Britse Vloot in Junie 1795 Tafelbaai sowel as Simonsbaai blokkeer en alle skeepvaart belet. Kommissaris J. Sluysken wou 'n berig oor die situasie aan die Hoë Raad van Indië stuur. Die enigste beskikbare vaartuig in 'n ongeblokkeerde baai was Jan van Reenen van Ganze Craal se 11m kotter in Saldanhabaai. Sluysken het die kotter gehuur, geproviandeer en met Woutersen in bevel en 'n paar van *Star* se matrose, om middernag op 14 Julie uit Saldanhabaai vertrek, Batavia toe. Dit was die heel laaste vaart onder die VOC-vlag in Kaapse waters. Toe Woutersen in September weer in Tafelbaai kom, was die Kaap in Britse hande, die kotter is gekonfiskeer, en hy was 'n krygsgevangene.

Tydens die Bataafse Tydperk (1803-1806) het Woutersen hom as 'n handelaar in Kaapstad gevestig. Die goewerneurs van die Tweede Britse Tydperk (1806 - 1910) het toenemend outokraties opgetree. In 1826 het Woutersen as 'n lid van die Burger Senaat sterk beswaar gemaak toe waarnemende Goewerneur Bourke die '*Ordonnantie 19*' in die *Government Gazette* publiseer sonder om dit, soos gewoonlik, eers na die Burger Senaat vir kommentaar te verwys. (Dit was net 'n hoflikheidsgebaar, die Senaat het geen gesag in die regering gehad nie.) Woutersen het uit protes uit die Senaat bedank (Bourke het later die Senaat ontbind) en die gemeenskap het Woutersen vir sy optrede vereer met 'n waardevolle gegraveerde vaas van Kaapse silwer. Hierdie vaas is in Oktober 1999 op 'n veiling deur 'n weldoener vir R100 000 gekoop en aan die gewese SA Kultuurhistoriese Museum in Kaapstad toevertrou.

Bronne:

P. Moree: *Met vriend die God geleide*. Walburg, 1998.

J. Oberholster: *Historiese Monumente van S.A.*

D. Sleigh: *Die Burger Senaat, 'n Silwervaas en Pieter Woutersen*, in Bylae tot Die Burger, 27.11.1999. p.3.

**Kleinste mast *Batavia* gaan er binnenkort af**



Foto: Bataviawerf, Lelystad

De komende maand (Julie, 2021) wordt de kleinste mast van de *Batavia* in Lelystad van het schip gehaald voor onderhoud aan het hout. Het gaat om de bezaanmast. De paal moet met een hijskraan van het replica VOC-schip worden gehesen. Dat gebeurt vanaf het water. Anton van den Heuvel van Batavialand zegt dat het onderhoud aan deze mast ook een soort proef is om te kijken hoe lang het duurt om een mast op te knappen en wat dat kost. Aan de hand daarvan kan er een planning worden gemaakt voor de grotere masten.

De opknapbeurt is voor Lely-stedelingen goed te zien en dat is volgens Van den Heuvel erg speciaal. "Het leuke hiervan vind ik dat je weer kunt gaan kijken hoe dit soort dingen in elkaar worden gezet. Dat is denk ik ook de meerwaarde van zoiets. De tijd waarin de *Batavia* werd gebouwd was eigenlijk de gouden tijd. Het is het leukste om te zien hoe dingen gemaakt worden en dat kun je nu dus weer beleven. Dat is echt heel gaaf."

Van buiten ziet de *Batavia* er nog redelijk uit. Maar van binnen rot de replica van het schip zo goed als overal weg. De replica van het VOC-schip moet daarom worden gerestaureerd. (Van Berichtenservice, VOC Kamer Antwerpen.)

### Collectors' Corner (1)




Photo and text: Dr M. Barter.

#### Transcription and translation:

'On this day the 29<sup>th</sup> April in the year 1678 -

There appeared before me Marinus van Banchem, secretary to the Honourable lord Governor and Council at Cabo de Boa Esperance in the presence of the hereafter named witness persons, Emanuel Jasper van Ceulen, skipper of the hooker *De Vlieger* presently lying at anchor in this harbour, who made known and declared that he had transferred and ceded to the Honourable Hester van Lier, widow of the late Wouter Mostaert, in his lifetime burgher councilor of this place, a slave named Jan van Tutoucorijn who had previously belonged to the aforesaid, to be treated by her as any other of her possessions as she may in future consider necessary, without being contradicted by anyone; declaring that he now had no rights regarding this transaction, and admitting that the purchase price of eighty Rixdollars had been remitted by the buyer, therefore renouncing his right to the aforesaid slave, and guaranteeing to the purchaser aforesaid and absolving her of all claims which may in future arise with regard to this transaction, subject to

his person and possessions, submitting herewith to the execution as laid down by the law, without fraud.

Thus done and executed in the Fort of Good Hope on the day and year aforesaid.

Emaneul van Ceulen

In our presence as witnesses

M: Van Banchem (Secretary)

M:L: v:n Bruggen'

## Collectors' Corner (2)



Foto: Alex Giardini

Hierdie koevert, geadresseer aan Adriaan van Kervel, die VOC se weesheer '*tot Caap de Goede Hoop*', kom uit die versameling van 'n Kaapse vriend wat anoniem wil bly. Adriaan van Kervel is op 23 Julie 1681 in Den Haag gebore. Sy oudste broer Gerard het Goewerneur van Java-Ooskus geword. Adriaan het in 1708 'n assistent (klerk) in die sekretariaat van die Kaapse Politieke Raad geword en in 1717 Sekretaris van dieselfde Raad. In 1720 word hy 'n Raadslid, in 1725 Fiskaal en in 1731 Sekunde. Hy was Weesheer van 1726-1727 en weer van 1730-1737; die koevert dateer uit daardie jare en is dus amper 300 jaar oud. Adriaan is op 31 Augustus 1737 as Goewerneur van die Kaap ingehuldig, maar is minder as drie weke later oorlede. Sy kleinseun, ook Adriaan van Kerwel, is in April 1811 aangestel as die eerste landdros van 'n nuwe distrik oos van die Gouritzrivier, gesetel op die gewese VOC-buitepos Houteniquasland. Die dorp wat rondom die nuwe drostdy ontstaan het, is genoem na die regerende Britse koning George III.



Foto: SA Bibiootek

'n Ander stuk kultuurerfenis wat met Goewerneur Van Kervel verband hou is 'n rare VOC- artefakt, naamlik die skildery 'Die stranding van die skip *De Visch*', waarop Van Kervel se 24-jarige dogter Anna, algemeen bekend as '*de jonge juffrouw*' 'n sterk fokuspunt vorm. Sy is die dame met die mooi groen-en-wit gestreepte rok, onder 'n rooi sambreel, en die enigste persoon wat uitgeken kan word. Otto Mentzel vertel in *Life at the Cape mid-eighteenth century* (VRV, Cape Town, 1919), dat meer as duisend nuuskierge mense op 6 Mei 1740 by die ongelukstoneel opgedaag het; die Kapenaars het selde sulke dramatiese tonele gesien. Waarskynlik is net die vernaamste besoekers voor op die strand toegelaat, uit vrees vir strandroof. Die skilder Leeuwenberg het op die plek 'n potloodskets gemaak en dit later tot 'n kleurvolle olieverf skildery vergroot. Die groot waarde van Leeuwenberg se werk is dat dit die kleredrag van die tydperk se welgestelde stedelinge oor 'n breë spektrum weergee; daar is vrouens en mans, amptenare, militêre (offisiere en soldate), burgerlikes en geuniformde bediendes te sien. As die skip byvoorbeeld in Struisbaai sou gestrand het, sou die toeskouers se kleding grootliks hiervan verskil.

Op die skildery lê *De Visch* (uit Enkhuizen, skipper Gift) op Seepunt se strand in die branding wat uit die suidweste aanrol; 'n kabel verbind die skip met 'n driepoot op die strand. Die kok se pot (sigbaar bo die '*jonge juffrouw*' se sambreel) word land toe getrek, met mense daarin. Links op die toneel is tente, opgeslaan vir die gebergde goedere en moontlik vir die amptenary se gerief. In die groep persone wat naby die tente gesels of beraadslaag is mans en vrouens. Militêre offisiere (soos Mentzel se beskermheer kaptein R.S. Alleman) dra rooi rokke en *ponceau* (papawerkleur) kouse; gewone soldate soos die twee met gewere wat die strand patrouilleer dra donker-blougroen rokke en *ponceau* kouse. Pruike kom algemeen voor; dit, saam met wye hoepelrokke soos op die skildery, sou die simbool word van die sg. 'pruiketyd' van oordrewe swierigheid en vertoon. Is die heer met die swart hoed, swart rok en swart kouse (die enigste) dalk Goewerneur Swellengrebel? Swart hoede is algemeen, die dames dra wit mussies. Geuniformde bediendes (moontlik slawe) hou perde vas, moontlik vir die militêre offisiere en dames; Daphne Strutt [*Clothing fashions...*] skryf dat twee van die dames in rydrag geklee is.

Bronne:

Skildery 'Stranding van die skip *De Visch*', deur J. Leeuwenberg, 1740. Die skildery was jare lank in die kantoor van die SA Biblioteek se Direkteur te sien.

D.W. Kruger (red.): *SA Biografiese Woordeboek, deel II*. Kaapstad, 1971. p.809.

D. Sleigh: *Die Buiteposte*. Pretoria, 1993. p.596.

D. Strutt: *Clothing fashions in South Africa, 1652-1900*. Cape Town, 1975. pp.78-84.

### **From the Academy**

In a departure from my usual practice, this column does not feature a discussion of an academic article or thesis, but rather the first chapter of a new book, *The Scientific Imagination in South Africa, 1700 to the Present* (Cambridge University Press, 2021). It is a joint venture by two giants of South African historiography: William Beinart (Oxford), a pioneer of environmental history, and Saul Dubow (Cambridge), who spearheaded the history of science in South Africa. Both authors have published extensively on 19<sup>th</sup> and 20<sup>th</sup> century South African history, but in the first chapter of their new book, they cover the 18<sup>th</sup>-century Cape and as such provide us with a good opportunity to look at the VOC Cape from a less well-known angle.

The chapter, ‘Scientific Imagination and Local Knowledge at the Cape in the Eighteenth Century’, is divided into four parts. The first is called ‘Plants and Marvels before 1770’ and ranges quite widely: from mythic representations of southern Africa by the Portuguese in the 16<sup>th</sup> century, to the astronomical investigations of Nicolas-Louis de Lacaille in the 1750s. The bulk of the section is devoted to a lengthy discussion of the work of Peter Kolb, in particular his description of animals (with an interesting discursion on European ideas about the rhinoceros) and the Khoikhoi, including their knowledge of medicine. The authors rightly claim that much Enlightenment knowledge about the Cape of Good Hope derived from Kolb’s book. Beinart and Dubow state that ‘[t]he transfer and cultivation of plants, as well as botanical knowledge, was intimately bound up with colonial expansion. The Cape was an intriguing collecting point both because of the singularity and variety of its species’ (p. 32), yet their discussion of the development of botanical knowledge here is brief and disappointing with no reference to such standard works as Mary Gunn & L.E. Codd’s *Botanical Exploration of Southern Africa* and Mia Karsten’s *The Old Company’s Garden at the Cape and Its Superintendents*.

The second part, ‘Enlightenment Scientific Travellers’, offers brief potted biographies of the usual suspects of naturalists who visited and wrote about the Cape between 1770 and 1810: Thunberg, Sparrman, Masson, Patterson, Le Vaillant, Barrow, Burchell and Lichtenstein. These mostly well-educated men ‘had a clearer idea of themselves as observers and scientists, attentive to classification and recording the diversity of species’ (p. 42) than those who had come before them. Several of them had close ties to Carl Linnaeus, the great systematiser of biological nomenclature, who actually considered visiting the Cape himself and kept up a correspondence with Governor Rijk Tulbagh (himself an avid botanist). Beinart and Dubow also briefly pay attention to explorers with closer ties to Cape society during this period, such as Joachim van Plettenburg, Hendrik Swellengrebel and Robert Gordon whose explorations were often done with an eye to the economic value of natural resources.

The most interesting and innovative part of this chapter, in my view, is to be found in the section on ‘Local Knowledge in Travellers’ Texts’, in which the authors traced how the travellers of the late 18<sup>th</sup> and early 19<sup>th</sup> century depended on the cooperation and assistance of local people (both settler and Khoikhoi) in their exploration of the natural world. The activities of these explorers were made possible by the colonial infrastructure – both physical and mental, in the sense of the local knowledge of the guides and interlocutors that they used to gain access to the world they were exploring. Beinart and Dubow argue persuasively that the scientific travellers of this era ‘were gleaners and recorders of a Cape vernacular’, which they define as ‘a recognisable cultural repertoire of knowledge and practice’ which develop out of a lived engagement with the environment (p. 55).

In the final section of the chapter, the authors describe how these travellers, from a variety of European countries, together engaged ‘in an increasingly systematic production of knowledge about South Africa’ (p. 63) – one which drew heavily on local knowledge. The scientific understandings wrought by these explorers and their collaborators include the realisation that Cape plants were ‘more numerous, varied and elegant’ than elsewhere in the world (the Western Cape province is home to 9 600 native plant species compared to 1 500 on the island of Britain), a greater understanding of the anatomy of large African game (e.g. giraffes) and an awareness of the important role of ecology (e.g. the dangers of overgrazing, the importance of fertilisation and transhumance, and the place of fire in maintaining biodiversity).

This is an important chapter which I hope will inspire new and deeper investigations of the role of science and knowledge in the VOC Cape. A drawback of the work of Beinart and Dubow is the fact that it is based only on published work in English. As such, one really misses an awareness of the greater context – not only of the Cape (with its infrastructure centred on the needs of a harbour town) but of the wider Dutch maritime empire. It is on the trade routes created by companies such as the VOC that knowledge travelled across a globalising world. The Cape was no isolated backwater but formed part of this exchange. Many more areas of knowledge (beyond anthropology, botany and zoology) interacted with the peoples of the Cape: maritime biology, agriculture, civil engineering, cartography (without which maritime commerce would have been unthinkable), linguistics etc. The early Cape deserves a history of science and knowledge from the inside out, which takes local knowledge and experience even more seriously than Beinart and Dubow do. – Prof. G Groenewald


*Interested readers can request an electronic copy of this chapter from [ggroenewald@uj.ac.za](mailto:ggroenewald@uj.ac.za)*

### **Nuwe VOC-boeke in die Nederlandse Biblioteek, SASNEV, Pinelands**

De VOC-collectie bevat boeken over een hele reeks onderwerpen die verband houden met activiteiten van de Verenigde Oost-Indische Compagnie, onder meer schepen, slavernij, ontdekkingsreizen, geschiedenis van de Kaap en van Nederlands-Indië, maar ook een aantal van grensverleggende en invloedrijke boeken over planten, dieren en natuur.

Georg Eberhard Rumpf (of Georgius Rumphius), Heinrich (of Hendrik) Claudius, en François Valentijn werkten allemaal rond dezelfde tijd, hadden allemaal een connectie met de VOC en werden allemaal eerst bekend in Nederland en daarna in de rest van de wereld . Rumphius (1627-1702) was de eerste die het natuurlijke leven op het eiland Ambon documenteerde; Claudius (1655-1697), die deel uitmaakte van de expeditie van Simon van der Stel naar de Copergebergtes van Namaqualand, schilderde niet alleen planten die hij onderweg tegenkwamen, maar beschreef ook hun medische waarde en documenteerde hun inheemse namen; en Valentijn (1666-1727) schreven een beschrijving van de wereld van de VOC die een zeer bekende bron werd. Het is mogelijk dat hun werk elkaar heeft beïnvloed. Valentijn was een vriend van Rumphius en gebruikte zijn werk, asook veel andere bronnen, voor zijn magnum opus.

Rumphius ‘de blinde ziener’ Uit: D’Amboinsche Rariteitkamer



Georgius Rumphius verbleef 49 jaar op Amboen en is de auteur van *Het Amboinsche kruidboek*, *Amboinsche Rariteitkamer* - over schelpen en andere curiosa, *Amboinsche Historie*, *Amboinsche Lant-beschrijvinge* – geografie, en *Amboinsch Dierboek* - helaas verloren gegaan.

De Nederlandse Bibliotheek bezit *De Ambonse eilanden onder de VOC, zoals opgetekend in De Ambonse Landbeschrijving, van G.E. Rumphius*. Utrecht: Landelijk Steunpunt Educatie Molukkers, 2002. F 382.09492 RUM en *The poison tree: selected writings of Rumphius on the natural history of the Indies*; edited and translated by E.M. Beekman. Kuala Lumpur: Oxford University Press, 1993. 500.9598 RUM

Hendrik (oorspronkelijk Heinrich) Claudius, was een Duitse schilder en apotheker of arts die in 1682 vanuit Batavia naar de Kaap kwam om geneeskrachtige planten te schilderen. Hij sloot zich aan bij de tweede expeditie van Olof Bergh naar Namaqualand in 1683 om de bron van kopererts te vinden, en in 1685 bij Simon van der Stel expeditie naar hetzelfde gebied voor hetzelfde doel. Hij was de illustrator op de expeditie van van der Stel, maar maakte waarschijnlijk ook schilderijen op de expeditie van Olof Bergh. Veel van zijn schilderijen werden in Kaapstad gekopieerd voor Nicolaes Witsen, burgemeester van Amsterdam, die ze opnam in zijn *Codex Witsenii*.



Nicolaes Witsen




Skets deur H. Claudius


Nicolaes Witsen was cartograaf, verzamelaar van rariteiten en kunst, diplomaat, schrijver, en liefhebber van de wetenschap. Hij was dertien keer burgemeester van Amsterdam en zedert 1693 bewindhebber van de VOC en later gedeputeerde ter Staten-Generaal.

De Nederlandse Bibliotheek bezit *Codex Witsenii, annotated watercolours of landscapes, flora and fauna observed on the expedition to the Copper Mountains in the country of the Namaqua undertaken in 1685-6 by Simon van der Stel, Commander at the Cape of Good Hope ; copied at the Cape in 1692 for Nicolaas Witsen, mayor of Amsterdam, member of the*

*Amsterdam Chamber of the Dutch East India Company, ambassador to Great Britain & c. & c.*  
Edited by M.L. Wilson, Th. Toussaint van Hove-Exalto and W.J.J. van Rijssen. Cape Town:  
Iziko Museums of Cape Town; Amsterdam: Davidii Media, 2002. F 704.9434 COD



François Valentijn



Titelblad, *Oud en Nieuw Oost-Indien*

Valentijn is tweemaal als dominee uitgezonden naar Indië en schreef daarna “*Oud en Nieuw Oost-Indië*”, oor Azië, vanaf de gesigspunt van een Europeër gezien, met een geschiedenis van de VOC, en geografische, historische, politieke en botanische beschrijvingen. Hij gebruikte daarbij onder veel anderen bronnen de werken van Rumphius. Het werk werd oorspronkelijk beschouwd als een “*standaardwerk op het gebied van de verschillende culturen van het verre Oosten*” (Wikipedia); er werden in de verleden heel vaak eruit geciteerd. De Nederlandse Bibliotheek bezit: *Oud en Nieuw Oost-Indië*, door François Valentijn. Franeker: Uitgeverij van Wijnen, 2003-2004. F 382.09492 VAL. – Me. Catherine Dubbeld.

### Hearing History: Podcasts - Dr Karen Jennings.

During the pandemic and the isolation that has accompanied it, I have found great solace in podcasts. They have allowed me to feel connected to the world beyond the four corners of my home, have given me a chance to learn and to travel, and have presented me with countless opportunities for engaging with a variety of topics. I have particularly enjoyed those podcasts that interview authors about the academic texts they have written. Listening to podcasts such as these is a wonderful way to experience a book when you cannot access it otherwise, or perhaps do not have time to read it.

Below are a few episodes that might be of interest. I will note, however, that podcasts related to the VOC at the Cape, or South African history in general, are incredibly limited. One man, Des Latham, seems to be trying to address that imbalance on his own. He has already completed a series on the Anglo-Boer War, which was very successful. This year he has embarked on two new projects. One on the South African Border Wars, and the other on the history of South Africa. A few of the earlier episodes focus on the Dutch and VOC. Des Latham is not a historian, but that does not diminish his enthusiasm! I believe it is valuable to support such a project and so I would encourage members to listen to an episode or two. New episodes are released on Sundays and are only about 20 minutes in length. You can find them here:

<https://www.podbean.com/podcast-detail/4m6mh-1ae512/History-of-South-Africa-podcast>

Podcast Episode	Details	URL
Wim Klooster: <i>The Dutch Moment in the 17<sup>th</sup>-century Atlantic World</i>	<p>“The Spanish, French, and English played large roles in the origins of colonial America. But so too did the Dutch. During the 17th century, they had a “moment” in which they influenced European colonization and development of the Atlantic World.”</p>	<a href="https://benfranklinsworld.com/episode-121-wim-klooster-dutch-moment-17th-century-atlantic-world/">https://benfranklinsworld.com/episode-121-wim-klooster-dutch-moment-17th-century-atlantic-world/</a>
David Onnekink and Gijs Rommelse: <i>The Dutch in the Early Modern World A History of a Global Power</i>	<p>“Emerging at the turn of the seventeenth century, the Dutch Republic rose to become a powerhouse of economic growth, artistic creativity, military innovation, religious tolerance and intellectual development.”</p>	<a href="https://newbooksnetwork.com/the-dutch-in-the-early-modern-world">https://newbooksnetwork.com/the-dutch-in-the-early-modern-world</a>
Kees Boterbloem: The Fiction and Reality of Jan Struys A Seventeenth-Century Dutch Globetrotter  [This episode is from 2009, but is very interesting nonetheless]	<p>“Struys was an illiterate, itinerant, indefatigable Dutch sail maker. He went everywhere, did everything, and when he got back from his adventures he was asked by some profit-seeking Dutch publishers to ‘contribute’ his tales to a book about his travels. They assigned him a ghost writer who listened to Struys’ stories and, where he found them wanting, embellished them with material purloined from other travel books.”</p>	<a href="https://newbooksnetwork.com/kees-boterbloem-the-fiction-and-reality-of-jan-struys-a-seventeenth-century-dutch-globetrotter">https://newbooksnetwork.com/kees-boterbloem-the-fiction-and-reality-of-jan-struys-a-seventeenth-century-dutch-globetrotter</a>

*Behouwde vaert / Selamat jalan / Go well*

D. Sleigh (Dr): Redakteur  
 Jean Sleigh: Tegnies  
 19 September 2021